AGTERGROND INLIGTINGS DOKUMENT

# Voorgestelde Eksplorasie Boorwerk in PEL 82 wat die Blokke 2112B en 2212A dek, Walvis Kom, aan die kus van Namibië

Chevron Namibia Exploration II Limited

## DOEL VAN DIE DOKUMENT

Chevron Namibia Exploration Limited II (CNEL) is tans besig om 'n Omvang Bepalings Verslag en Omgewings en Sosiale Impak Studie saam te stel ten einde 'n Omgewings Klarings Sertifikaat (ECC) vir sy voorgestelde eksplorasie boorwerk (d.w.s. voorgestelde projek) in die Petroleum Eksplorasie lisensie area 82 (PEL82) in die Walvis Kom in die diepsee aan die kus van Namibië, te verkry.

Die voorgestelde projek sluit gelyste aktiwiteite in terme van die bepalings van die Omgewings en Sosiale Impak Analise (ESIA) Regulasies van 2012, uitgevaardig onder Artikel 56 van die Omgewings bestuur wet, 2007 (Nr. 30 van 2007), in. Gevolglik is dit nodig om 'n ECC van die Ministerie van Omgewingsake Bosbou en Toerisme (MEFT), die regulerende gesag, te verkry, voordat met enige projek aktiwiteite begin kan word. 'n ESIA-proses moet dus onderneem word as 'n basis waarop die Ministerie van Nywerheid, Mynbou en Energie en die Ministerie van Omgewingsake, Bosbou en Toerisme, as die bevoegde en regulerende gesag, die ECC-aansoek kan evalueer.

---


## PROJEK AGTERGROND

CNEL beplan om 'n diepsee eksplorasie program in PEL 82, aan te pak. Die lisensiegebied beslaan ongeveer 11,400 km², en is geleë tussen 80 km en 300 km van die kus, met water dieptes van 200 m tot 2,500 m (Figuur 1). Die ondersoek aktiwiteite mag die volgende insluit:

1. Die boor van tot vyf eksplorasie gate, insluitend boor, dieper maak, herboor, en toetsing en voltooiing van die boorgate.
2. Die boor van tot 5 evaluerings boorgate, insluitend boor, dieper maak, herboor, en toetsing en voltooiing van die boorgate.
3. Onderneming van vertikale Seismiese profiele.
4. Die toetsing van die boorgate.
5. Die plaas van proppe in die gate voor dit verlaat word.

© Copyright 2025 by The ERM International Group Limited and/or its affiliates ('ERM'). All Rights Reserved.
No part of this work may be reproduced or transmitted in any form or by any means, without prior written permission of ERM.

## FIGUUR 1 PROJEK LIGGING




| Point | Latitude | Longitude |
|---|---|---|
| A | 21° 30' 00" S | 12° 00' 00" E |
| B | 21° 30' 00" S | 13° 00' 00" E |
| C | 22° 00' 00" S | 13° 00' 00" E |
| F | 22° 00' 00" S | 12° 00' 00" E |
| E | 22° 30' 00" S | 12° 00' 00" E |
| D | 22° 30' 00" S | 13° 00' 00" E |

Mobiele diepsee boor vaartuie (MODU) sal vir die eksplorasie gebruik word. Die plan is om aanvanklike net een eksplorasie gat tussen Kwartaal 2 van 2026 en kwartaal 1 van 2027 in die Mataku-ligging (koördinate: LAT: 21° 44' 48.15″ S, LONG: 12° 27' 13.74″ E; met water dieptes van 1,000 – 1,500 m) te boor. As dit suksesvol is, kan opvolg boorwerk tot nege addisionele gate (totaal van 5 eksplorasie - en 5 evaluerings gate) gedurende 2027 en daarna insluit. Daar word verwag dat die boor van die eerste eksplorasie gat ongeveer twee tot drie maande sal duur.


FIGUUR 2 VOORBEELDE VAN MODU BOORVAARTUIE AKTIWITEITE WAT MET DIE BOORWERK VERBAND HOU




## OMGEWINGS EN SOSIALE IMPAK BESTUDERINGS PROSES

Die Omgewings en Sosiale Impak Bestuderings (ESIA) proses behels die identifisering en evaluering van die potensiële positiewe en negatiewe impakte van die projek. Dit word in konsultasie met belanghebbende en potensieel geaffekteerde partye onderneem. Dit bepaal ook die nodige bestuursmaatreëls om potensiële impakte te vermy, te verminder of te verlig tot 'n aanvaarbare vlak. Die proses word in twee hoof fases verdeel: die Omvang Bepalings Fase en die Impak Bepalings Fase, soos geïllustreer in Figuur 3. Hierdie ESIA-proses is tans in die Omvang Bepalings Fase.

FIGUUR 3 ESIA PROSES IN NAMIBIE




## ERM SE ROL

CNEL het Environmental Resources Management (ERM) aangestel as die onafhanklike omgewings konsultant om die ESIA-proses uit te voer. ERM word deur 'n Namibiese firma, Urban Dynamics Africa (Pty) Ltd, ondersteun om die publieke konsultasie proses te bestuur.

## REGISTREER AS 'N MOONTLIKE GEAFFEKTEERDE OF BELANGHEBBENDED PARTY (I&AP)

Indien u 'n moontlik 'n I&AP is, oorweeg asseblief om:

- Op die projek databasis te registreer,
- Deel te neem aan konsultasie geleenthede, en,
- Terugvoer en kommentaar te gee op die voorlopige en finale verslae waneer dit aan u en die algemene publiek beskikbaar gemaak word.

**Vir verdere inligting en om te registreer:**

Registreer by: http://ermcnel.aidaform.com/stakeholder-engagement

Tel: +264 61 240 300

E Pos: cnel.pel82esia@erm.com

Projek webwerf: www.erm.com/cnel-esia

Gebruik die QR Kode